# klap!

**29 Maart – 05 April 2014**

**www.absakknk.co.za**

**Navrae: 044 203 8600**



# INLIGTING

## Hoe werk klap!?

Klap! is 'n pakket spesiaal vir studente/ skoliere. R150 koop toegang tot twee produksies van jou keuse én die Rivierbuurt met sy musiekverhoë, stalletjies, fees ervarings en speelpark.

Boonop kan studente/skoliere wat droom van 'n loopbaan in die kunste deel neem aan interaktiewe sessies met plaaslike en internasionale industriekundiges.

## Hoe kry ek die pakket?

1. Kies datums wat jou pas.
2. Kies enige twee produksies per dag (aangeheg te dagprogram).
3. Kies beskikbare interaktiewe sessies wat ook op dagprogramme aangedui word.
4. Vul die aangehegte registrasievorm volledig in en stuur asseblief aan klap@kunsonbeperk.org.za of faks na 044 272 7773.
5. Betaal die faktuur wat jy hierna ontvang.
6. Stuur asseblief bewys van betaling na klap@kunsonbeperk.org.za
7. Kontak asseblief vir Karen Alexander by klap@kunsonbeperk.org.za voor aankoms by die Absa KKNK om reëlings vir die afhaal van kaartjies te bevestig.

# VERTONINGS

## Klassifikasies

T – Taal / Language G – Geweld / Violence
S – Seks / Sex N – Naaktheid / Nudity
V – Vooroordeel / Prejudice
D – Diviniteit / Divinity
OB – Ouerbegeleiding / Parental Guidance.


# TONEEL

## BOESMAN, MY SEUN

**DRAMA**
Afr. Gesin OB
***Vervaardiger:*** Deon Opperman en Soné Combrink
***Teks en regie:*** Deon Opperman
***Verhoogbestuurder:*** Elmareth Scheepers
***Met*** Louis van Niekerk en Wessel Pretorius

Ter viering van die vele toneelhoogtepunte oor die jare heen op die Absa KKNK, is dié treffer terug op die planke. *Boesman, my seun*, is al beskryf as 'n katarsis vir teatergehore. Of soos Ilse van Hemert dit al opgesom het: "Dis net Deon Opperman wat volwasse mans so kan laat huil." 'n Seun keer, na 'n lang afwesigheid, terug na sy ouerhuis. Wat volg, is 'n blootlegging van die verhouding tussen Afrikaner-pa, -ma en -seun. Wenner van die Hertzogprys vir Drama.

**90 min. kykNET Hoërskoolsaal**
**29 Maart 18:00 30 Maart 12:00**
**31 Maart 20:30 1 April 09:00**



## BRAAI



**DEBUUT DRAMA**
*'n Absa KKNK- / Clover Aardklop-ko-produksie.*
*Moontlik gemaak deur Die Dagbreek Trust.*
*Ondersteun deur die Universiteit van Stellenbosch dramadepartement.*
Braai *is die eerste wenteks van die Absa KKNK / Die Dagbreek Trust Teks-ontwikkelingsprojek in 2012.*
Afr. Geen o/16 G T
***Vervaardiger:*** Hugo Theart / TEATERteater
***Teks:*** Willemien Brümmer ***Teksmentor:*** Schalk Schoombie ***Regie:*** Lara Bye
***Ontwerper:*** Jaco van Wyk ***Choreografie:*** Fiona du Plooy ***Verhoogbestuurder:*** Wilhelm Conradie en Chris Pienaar
***Met*** Gys de Villiers, Leon Kruger, Edwin van der Walt, Esther von Waltsleben, Dean-John Smith en Marli van der Merwe

Op 'n plaas in die hartland van Suid-Afrika koes oud-polisieman Speedy Saayman steeds vir die "terrs". Wanneer die rum en Coke praat en vleis op die kole sis, word kinders die sondes van hul vaders toegereken. Die verlede bloei deur tussen sussie se balletvoete, ma se *forget-me-nots* en boetie wat die geweersneller koester. Eenoog-Flippie het die tragedie sien kom… 'n Onthutsende nuwe Afrikaanse drama, uit die pen van die bekroonde joernalis Willemien Brümmer oor dit wat gebeur wanneer gesinspolitiek en landspolitiek hande vat.

**75 min. Johnny Bisschoff-saal**
**29 Maart 14:00 30 Maart 15:00 en 20:00**
**31 Maart 09:00 en 13:00 1 April 14:00**

## DIE ROLBALSPELER

**DRAMA**
*'n Suidoosterfees-produksie*
Afr. Gesin
***Teks:*** Zain Eckleton
***Verwerker en vervaardiger:*** Saartjie Botha
***Regie:*** Janice Honeyman
***Verhoogbestuurder:*** Elzanne Erasmus ***Met*** Brendon Daniels, June van Merch, Dann-Jacques Mouton en Nicole Holm

Hans vleg rottangmandjies in Soutrivier. Hy is gesiggestrem en bly saam met sy ma en broer in Bishop Lavis. Hy het geen vooruitsigte vir 'n beter lewe nie - totdat sy pad kruis met Erika, en sy hom oorreed om rolbal te begin speel. 'n Verhaal van hoop, van uitstyg bo moeilike omstandighede, van bloed wat dikker as water is, ongeag die kleur van jou vel.

**90 min. Gimsaal**
**2 April 20:00 3 April 09:00 3 April 12:00**
**4 April 20:00 5 April 09:00 5 April 12:00**

## DOGMA

**DEBUUT PLEKSPESIFIEKE TEATER**
Afr. Geen o/16 OB D T
***Teks en regie:*** Christiaan Olwagen
***Choreografie:*** Ina Wichterich ***Musiek:*** Charl-Johan Lingenvelder ***Met*** Erik Holm, Tinarie van Wyk Loots, Rolanda Marais, Albert Pretorius, Chuma Sopotela en Roelof Storm

Christiaan Olwagen, wat met die Afrikaans Onbeperk vir 'n Jong Stem in 2014 bekroon word, se eerste plekspesifieke stuk, *Dogma*, spesiaal vir die Absa KKNK 2014 geskep, handel oor 'n jong man wat die verbrokkeling van sy ouers se verhouding ondersoek nadat sy pa, 'n predikant, gediagnoseer is met veelvuldige sklerose. Dis 'n gesprek tussen geskiedenis en geloof, identiteit en bestaan, menslikheid en die magiese. 'n Verhaal oor grootword in 'n huis met Dylan en Dogma.

**80 min. Zeelandsnek**

**1 April 12:00 2 April 12:00 2 April 16:00 3 April 09:00 3 April 12:00 4 April 09:00 4 April 12:00 5 April 09:00**

## LAND VAN SKEDELS



**PLEKSPESIFIEKE TEATER**
*Moontlik gemaak deur kykNET en Die Burger*
Veeltalig Gesin OB
***Teks en regie:*** Nicola Hanekom
***Musiek:*** Braam du Toit
***Choreografie:*** Fiona du Plooy
***Vervaardiger:*** Grant Swanby
***Verhoogbestuurder:*** Elzanne Erasmus
***Met*** Albert Maritz, Neels van Jaarsveld, Tinarie van Wyk Loots, Zanne Stapelberg, Grant Swanby, Lerato Motshwarakgole, Bronwyn van Graan, Wilhelm van der Walt, Gretha Brazelle, Hanlé Barnard, Christian Visser, Tebogo Munyai, Nkosinathi Sangweni, Siyabulela Sikawuti, Shaun Smith, Nceba Ngubombini en Vasti Knoesen

*Land van skedels* is 'n ruimtelike drama wat die Anglo-Boereoorlog in 'n blitsreis vasvat en veral fokus op die lyding van die vrouens in die konsentrasiekampe. Die horlosie word teruggedraai na 1899 – 'n tyd wat die swaarkry, dapperheid en vasberadenheid van 'n volk vergestalt. Die geskiedenis kry nuwe lewe en loop soos 'n lykstoet oor die vlakte tot in die hede. Ontvang die Beeld-Aartvarkprys vir grensverskuiwende werk.

**90 min. Die Konsentrasiekamp**
**29 Maart 18:15 30 Maart 18:15 31 Maart 18:15 1 April 18:15 2 April 18:15 3 April 18:15 4 April 18:15 5 April 18:15**

## MACBETH.SLAPE-LOOS



**DRAMA**
*'n Clover Aardklop-produksie aangebied in samewerking met Kunstekaap en die Nasionale Kunstefees. Ondersteun deur Die Dagbreek Trust, die L.W. Hiemstra Trust en Rustenbosch Gastehuis (Stellenbosch)*
Afr. Geen o/16 S G
***Teks:*** William Shakespeare
***Vertaling:*** Eitemal
***Verwerking:*** Marthinus Basson en die geselskap
***Choreografie:*** Estelle Olivier
***Beligtingsontwerp:*** Albert Snyman ***Regie en ontwerp:*** Marthinus Basson
***Verhoogbestuurder:*** Carine Bothma en Michael Inglis
***Vervaardiger:*** Hugo Theart/TEATER*teater*
***Met*** Dawid Minnaar, Anna-Mart van der Merwe, Jana Cilliers, Antoinette Kellermann, Stian Bam, Charlton George, Ludwig Binge, Edwin van der Walt en Senzo Madikane

Macbeth, bloedige gesant van die staat en generaal in die Skotse Leër, swig onder druk van sy ambisieuse vrou en pleeg koningsmoord. Soos voorspel, word hy as koning gekroon, maar om die mag te behou verg meer en meer bloed. 'n Groeiende opstand en 'n gewete wat knaag, laat die verhouding tussen man en vrou verbrokkel. Macbeth kan nie slaap nie. Sy vrou kan nie wakker bly nie en slaapwandel deur die gange van die kasteel. 'n Koorsdroom van 'n produksie wat die temas van liefde, mag, eie gewin en goedgelowigheid oopvlek. Ontvang vyf pryse by Clover Aardklop vir onder meer beste aktrise, beste akteur, beste regisseur en beste aanbieding.

**120 min. Johnny Bisschoff-saal**
**29 Maart 09:00 29 Maart 20:00 30 Maart 09:00 31 Maart 20:00 1 April 09:00**

## MOEDER MOED EN HAAR KINDERS



**DEBUUT PLEKSPESIFIEKE TEATER**
*'n Absa KKNK- / PACOFS-ko-produksie*
Afr. Geen o/14 T G
***Teks:*** Bertolt Brecht ***Vertaling, verwerking en vervaardiging:*** Saartjie Botha
***Regie:*** Jerry Mofokeng ***Met*** Aletta Bezuidenhout, Deon Lotz, Andre Roothman, Nicole Holm, Juliana Venter, Jaqcues Theron, Cintiane Schutte en Milan Struwig

Moeder Moed is 'n rondreisende handelaar wat 'n lewe maak uit oorlog. Sy en haar kinders trek van veldslag na veldslag met 'n wa vol drank en rantsoene. Dis 'n harde lewe van opoffering en aflegging, waarin daar met bloed betaal word vir finansiële oorlewing en vooruitgang. Die stuk word algemeen beskou as een van die bestes uit die vorige eeu en in 'n wêreld waarin korrupsie en gierigheid hoogty vier, is Moeder Moed nou eers relevant.

**90 min. SANW Loods**
**29 Maart 11:00 29 Maart 20:00**
**30 Maart 09:00 30 Maart 20:00**
**31 Maart 09:00 31 Maart 20:00**
**1 April 09:00 1 April 18:00**

## RONDOMSKRIK



**DEBUUT DRAMA**
*Ondersteun deur die L.W. Hiemstra Trust*
Afr. Gesin
***Teks:*** Rachelle Greeff
***Regie:*** Hennie van Greunen
***Vervaardigers:*** Wordsmith's Theatre Factory
***Verhoogbestuurder:*** Maryke van Jaarsveld
***Met*** Shaleen Surtie-Richards, Lee-Ann van Rooi, Crystal-Donna Roberts en Richard September

Die grusame verkragting en moord op Anene Booysen in Februarie 2013 het die wêreld geskud en is die vertrekpunt van die teks. Shaleen Surtie-Richards, Kuns Onbeperk-vereerde vir Vertolking in 2014, lewer 'n sterk en onvergeetlike vertoning as Jasmien Adams, die juffrou wat 'n verskil probeer maak in die tiener Antjie Fortuin se lewe. Hierdie roerende studie van hoe ons ons

kinders faal, vind hoop in 'n maalkolk van wanhoop.

**90 min. SANW-ouditorium**
**29 Maart 20:00 30 Maart 09:00 30 Maart 12:00 31 Maart 16:00 1 April 16:00**

## SAMSA-MASJIEN



**DEBUUT DRAMA**
*ATKV-Woordveertjie 2012-wenteks*
Afr. Geen o/16 S N V T D
***Teks:*** Willem Anker ***Musiek:*** Pierre-Henri Wicomb ***Regie, ontwerp en vervaardiging:*** Jaco Bouwer ***Verhoogbestuurder:*** Rocco Pool ***Met*** Antoinette Kellermann, Gerben Kamper, Ilana Cilliers en Ludwig Binge

Gregor Samsa ondervind 'n stelselmatige insek-wording, wat deur die sielkundiges, psigiaters en dokters toegeskryf word aan die ouditiewe en taktiele hallusinasies van dementia-lyers. Dit word deur Jaco Bouwer - Kuns Onbeperk vir Vernuwende Denke-vereerde in 2014 - meesterlik met behulp van klank, ritme en musiek uitgebeeld. Gregor sien oral insekte, voel hulle loop op hom en voel homself uiteindelik iets minder en meer as 'n mens word. Dis 'n stuk wat in gesprek wil tree met Franz Kafka se *Die Verwandlung.*

**100 min. SANW Loods**
**2 April 20:00 3 April 09:00 3 April 20:00**
**4 April 09:00 4 April 20:00 5 April 09:00**
**5 April 15:00**

## SLAAF




**DEBUUT DRAMA**
Afr. Geen o/16 T V D
***Teks:*** Wessel Pretorius en Carel Nel
***Regie:*** Wessel Pretorius
***Vervaardiger:*** Polony
***Met*** Carel Nel

*Slaaf* is 'n *trip*, 'n *fix* vir die verlore generasie. Gregory, ons anti-held, is verslaaf aan liefde, musiek en illusies. Dis die ontnugterende reis tot 'n lewe sonder skerm, sonder krukke en is geïnspireer deur 'n ware verhaal. Dis die *morning after* en die babelaas sonder sonbrille of Creme Soda. Gordel jouself vas, want die *comedown* is 'n kronkelpad vol slaggate.

**75 min. Griesselsaal**
**2 April 10:30 3 April 20:00**
**4 April 09:00 5 April 16:00**

## WIE DRINK WAT?



**DRAMA**
*'n Clover Aardklop/Absa KKNK-ko-produksie*
Afr. Geen o/14 T
***Teks:*** Saartjie Botha en Christiaan Olwagen
***Regie:*** Christiaan Olwagen ***Choreografie:*** Ina Wichterich ***Vervaardiger:*** Saartjie Botha
***Verhoogbestuurders:*** Rocco Pool en Maryke Nel
***Met*** Rolanda Marais, Martelize Kolver, Brendon Daniels, Gideon Lombard, Ludwig Binge, Cintaine Schutte, Themba Mbuli en Thabisa Dinga

Oftewel, 'n heildronk op die laaste loopdop. Wat gewoonlik nie die laaste is nie. Want ons hou van partytjie en dan maak ons so. En sê gesondheid! Draai die proppe af, laat die koppe draai. Alkohol het 'n uitwerking, maak dinge beter, slegter, is 'n kruk. Want die lewe is alleen draaglik as 'n mens 'n bietjie dronk is. En baie snaakser.

**75 min. Oudtshoorn Courant Van Reedesaal**
**29 Maart 17:30 30 Maart 17:00**
**31 Maart 13:00 1 April 15:00**

# LAG 'N SLAG

**Die Absa KKNK vier 20 jaar met uitstekende komedies.**

## BOEING, BOEING




**DEBUUT KLUG**
Afr. Geen o/14 S
***Vervaardiger:*** Henry Mylne Produksies
***Teks:*** Marc Camoletti
***Vertaler:*** Hugo Taljaard
***Regie:*** Henry Mylne ***Met*** *7de Laners* Theodore Jantjies (Xander), Hennie Jacobs (Diederik), Heino Schmidt (Altus), Werner Coetser (Bernard), Hendrik Cronje (Lucas)

Ses *gay* karakters in die sestigerjare in Parys. 'n Fransman is terselfdertyd in verhoudings met drie vlugkelners/ lugmatrasse. Hy beplan hul afsonderlike progressie na sy slaapkamer m.b.v. 'n internasionale tydrooster. Sy seksueel-naïewe ou vriend word deel van die chaos as sy gladde ratwerk skeefloop met die oorskakeling na vinniger Boeings en al drie gelyktydig op hom toesak.

**120 min. SANW-ouditorium**
**29 Maart 09:00 29 Maart 12:00**
**30 Maart 16:00 31 Maart 20:00**
**1 April 09:00 1 April 12:00**

## VAT HOM FLAFFIE



**DEBUUT KLUG**
*'n Absa KKNK en Innibos-ko-produksie*
Afr. Geen o/14 S
***Teks:*** Pieter Fourie ***Regie:*** Albert Maritz
***Vervaardiger:*** Impresario
***Tegnies:*** Gaerin Hauptfleisch

***Met*** Chris van Niekerk, Susanne Beyers, Christel van den Bergh, Chanelle de Jager, Neels Coetzee, Gideon Lombard en Emile Minnie

As die ou fossiel, Hups, om die verkeerdste redes hydro toe gaan, bly vrouliefie tuis. Of dis wat hy dink. En die ou sportheld, Yster, dink ook sy vroutjie is tuis. Maar elke outjie het maar sy dingetjie, en elke lyfie sy knypie... sout. Die kat word geknyp, muis word baas, kat en muis maak die situasie styf, en lei tot 'n situasie-komedie in die styl van Georges Feydeau.

**120 min. SANW-ouditorium**
**3 April 12:30 3 April 16:00 4 April 14:00**
**4 April 20:00 5 April 09:00 5 April 12:00**

## WATERPAS





**KOMEDIE**
*'n US Woordfees en Absa KKNK-ko-produksie*
Afr. Geen o/16 T N
***Vervaardig:*** Polony
***Teks:*** Wessel Pretorius
***Regie***: Christiaan Olwagen
***Musiek***: André Gerber
***Met*** De Klerk Oelofse, Francois Jacobs, Hannah Borthwick, Roeline Daneel en Wessel Pretorius

Waterpas beoog om die geheim van die lewe bloot te lê met onder andere die hulp van twee monogame swane, 'n ontevrede meermin en Sally Field. Ons is almal in dieselfde bootjie en dis soms onmoontlik om aan te hou dryf sonder veel sin of rede. Que sera sera. 'n Eksistensiële laslap-komedie oor die lewe, die dood en al die fratsongelukke wat tussen-in gebeur.

**80 min. Griesselsaal**
**2 April 17:00 3 April 13:00**
**4 April 20:00 5 April 13:00**

# MUSIEK

## #CHECKITYT@ROUTE 62#2



**DEBUUT KONTEMPORÊRE MUSIEK / DANSTEATER**
*Ondersteun deur die Nasionale Kunsteraad*
Afr. en Eng. Gesin
***Teks:*** Hennie van Greunen
***Regie:*** Pedro Kruger en Hennie van Greunen
***Vervaardiger:*** Wordsmith's Theatre Factory
***Musiek:*** Pedro Kruger
***Choreografie:*** Michaela Wilson

Ná die sukses van *#checkityt@route62* by die Absa KKNK 2013, vat Pedro Kruger weer die pad langs Roete 62 om 10 van die beste jong talent te kies, te slyp, te mentor en op die verhoog af te *show*. Hierdie nuwe 10 jong spelers sal jou wegblaas met hulle onderskeie talente. *#checkityt@route62* ontvang eervolle vermelding by Kannas 2013 vir talentontwikkeling onder die jeug.

**60 min. Johnny Bisschoff-saal**
**2 April 10:00 3 April 16:00 3 April 18:00**
**4 April 09:00 4 April 11:00 5 April 17:00**

## DIE GROOT KAKTUS OP DIE VLAKTES



**DEBUUT KONTEMPORÊRE MUSIEK**
***Vervaardiger:*** Carien Loubser
***Met*** Freshlyground, Karen Zoid, Springbok Nude Girls, van Coke Kartel, Gangs of Ballet, Bittereinder, The Black Cat Bones en die Skynmaagde.

Baie herinneringe lê by hierdie legendariese opelug musiekkonsert opgesluit. Dis hier waar legendes en ikone gesorg het vir rooiwarm ritmes, koue biere en plesierige sweetsessies. Waar Karen Zoid haar kitaar gebreek het en waar Springbok Nude Girls die graspolle laat waai het, waar duisende musiek-junkies jonk en vry gevoel het... Dis 20 jaar later. Kom herleef die goeie ou dae. Wees gewaarsku: die aand gaan uit sy nate bars!

**390 min. Oudtshoorn Sportgronde**
**4 April. Hekke maak 16:00 oop. Kaktus begin 17:00**

## HUISGENOOT TREFFER NA TREFFER: AFSKOPKONSERT



**KONTEMPORÊRE MUSIEK**
***Met*** Kurt Darren, Ray Dylan, Manie Jackson, Nicholas Louw, Andriëtte Norman, Adam Tas, Wicus van der Merwe, Desmond Wells, NRG, Anders en Silwer & Goud

**120 min. Oudtshoorn Sportgronde**
**29 Maart 19:00**

## HUISGENOOT KLEIN KAROO 20 JAAR POPS



**DEBUUT KONTEMPORÊRE MUSIEK**
***Gasvrou:*** Shaleen Surtie-Richards
***Regisseur:*** Carien Loubser
***Musiekregisseur:*** Melissa van der Spuy
***Met:*** Nataniël, Laurika Rauch, Kurt Darren, Dorothy Masuka, David Kramer, Karen Zoid, Emo Adams, Nianell, Thandi Klaasen, Amanda Strydom, Koos Kombuis en Zanne Stapelberg. Vergesel deur die Africa Voices, Ad Astra Koor en Odeion Strykkwartet.

Die Absa KKNK se 20 jaar word op 'n hoë musikale noot gevier met 'n spesiale skemerkonsert. In dié Pops kom verskeie kunstenaars saam om van ons gunsteling-liedjies te sing.

**180 min. Oudtshoorn Sportgronde 30 Maart 19:00**

## HUISGENOOT TROTS AFRIKAANS

**KONTEMPORÊRE MUSIEK**
***Met*** Bobby van Jaarsveld, Robbie Wessels, Riana Nel, Jay, Dewald Wasserval, Corlea, Jannie Moolman, Arno Jordaan en Pieter Koen
**120 min. Oudtshoorn Sportgronde**
**31 Maart 19:00**

## MISA CRIOLLA EN NAVIDAD NUESTRA

**KLASSIEKE MUSIEK**
Afr. en Spaans Gesin
***Musiek:*** Ariel Ramirez
***Met*** Amanda Strydom (solis), Libertaskoor, Johan de Villiers (dirigent) en Gerhard Niemand (leier van instrumentale ensemble)

Twee sielvolle komposisies vir solis, koor en instrumentele ensemble en gebaseer op die tradisies en ritmes van Spaans-Amerika. Misa Criolla se teks is die Spaanse weergawe van die tradisionele Latynse teks van die mis, terwyl Navidad Nuestra se teks die Kersverhaal uitbeeld as 'n volksdrama wat in Suid-Amerika afspeel. Amanda Strydom se Afrikaanse bindingsteks dra 'n enorme bydrae tot dié werke se toeganklikheid vir die gehoor.

**60 min. Absa Burgersentrum**
**29 Maart 10:00 29 Maart 16:00**

## RYMKLETS – DA RAINBOW SHOW




**DEBUUT KONTEMPORÊRE MUSIEK**
*Ondersteun deur die Nederlandse Ambassade en die Vlaamse Regering (België)*
Afr. Eng. Xhosa, Sotho, Vlaams en Nederlands Gesin
***Vervaardiger:*** BLM Music
***Met*** Jack Parow, Cream, Jaak, Tastic, Baza Son, Safi & Spreej, Bongulethu All Stars, Hemel-Besem, Agemi en Earl, Danny B Productions Collab en Ready D

Die jeug is die toekoms, rymklets hul taal, en dié hul spreekbuis. Verskeie kunstenaars vat hande en kom vier die diversiteit van ons Reënboognasie. Die optrede is nie nét vir die jonger garde nie.

**150 min. Oudtshoorn Sportgronde**
**5 April 19:00**

## WALS MET WENE – THE SOUTH AFRICAN SOPRANOS




**DEBUUT OPERETTE**
Afr. Eng. en Duits Gesin
***Vervaardiger en regie:*** Niël Rademan Produksies
***Verwerking en musiekregie:*** Elna van der Merwe
***Met*** Minette du Toit Pearce, Goitsemang Lehobye, Friedel Mitas, Ernestine Stuurman, Vanessa Tait-Jones, Elna van der Merwe (klavier) en Niël Rademan as die galante gasheer.


Word deel van die Duitse Operette-wêreld waar koketterige dames en een pierewaaier figuurlik wals met Wene, die stad van jou drome. 'n Eerste suiwer operette vir die Absa KKNK. In 2013 ontvang The South African Sopranos 'n Kanna vir die beste klassieke produksie.

**70 min. Toekomsrus Teater**
**2 April 16:00 3 April 16:00**
**4 April 16:00 5 April 16:00**

## AKOESTIESE KLANKE

**Die gewilde *Akoestiese klanke* het vinnig 'n tradisie by die fees geword en bied 'n intieme en gesellige kuier saam met baie bekende stemme.**

## KOOS KOMBUIS - unplugged




**DEBUUT KONTEMPORÊRE MUSIEK**
Koos Kombuis is sedert die 80's en die Voëlvry-Toer só deel van Afrikaanse musiek soos braaivleis en rugby. Hy het destyds sy solo-loopbaan begin omdat hy verveeld geraak het om kortverhale vir die Huisgenoot te skryf. Kom luister na Koos –

*unplugged* en na al die stories agter die *songs*…

**60 min. Club Al Capone**
**29 Maart 20:00**

## DAVID KRAMER – unplugged

**DEBUUT KONTEMPORÊRE MUSIEK**
'n Baie eksklusiewe musiekervaring - David Kramer *unplugged*, net hy en sy kitaar. Een van ons groot musieklegendes op sy gelukkigste – as hy musiek kan maak.

**60 min. Club Al Capone**
**31 Maart 20:00**

## KAREN EN ZOLANI




**DEBUUT KONTEMPORÊRE MUSIEK**
***Met*** Karen Zoid en Zolani Mahola
Zolani Mahola is die enigmatiese hoofsanger van Freshlyground, wat 'n Grammy agter haar naam kan skryf. Zolani word ook in 2014 vereer met die Kuns Onbeperk Kruispunt. Karen Zoid se naam is sinoniem met emosiebelaaide lirieke. Saam maak hulle briljante musiek. Dis vir seker 'n vertoning wat jy nie mag mis nie!
**70 min. Club Al Capone**
**1 April 20:00 2 April 20:00**

## ARNO EN FRANCOIS




**DEBUUT KONTEMPORÊRE MUSIEK**
***Met*** Arno Carstens en Francois van Coke
Die samekoms van twee van Suid-Afrika se grootste rockers. Gestroop, net met hulle kitare. Die vertoning sluit treffers van Springbok Nude Girls, Fokofpolisiekar en Van Coke Cartel in, asook 'n paar bekende liedjies soos *Tot die Son Opkom* en *Blue Eyes*

**70 min. Club Al Capone**
**3 April 20:0**

# DANSTEATER

## WENTEL



**DEBUUT BEWEGINGSTEATER**
***Teks en Regie:*** Nico Scheepers
***Musiek:*** Pedro Kruger
***Verhoogbestuurder:*** Maryke van Jaarsveld
***Vervaardiger:*** Wordsmith's Theatre Factory
***Choreografie:*** Nico Scheepers
***Met*** Anna-Mart van der Merwe, Pedro Kruger, Greta Pietersen, Nieke Lombard, Richard Antrobus, Chanel van Wyk, Lanel van der Kolff en André Terblanche

Die see het die Moederstad ingesluk. Die water het haar loon kom vra. Om te vlug is die enigste opsie. Nico Scheepers, nuweling-regisseur, bring die eerste volwaardige visuele bewegingsteater-produksie na die Absa KKNK. Met musiek, beweging, poppe, maskers en asemrowende visuele beelde beloof *WENTEL* 'n teaterervaring sonder weerga.

**75 min. Johnny Bisschoff-saal**
**2 April 20:00 3 April 09:00 3 April 12:00**
**4 April 17:00 4 April 20:00 5 April 09:00**
**5 April 12:00**

# WOORDKUNS

## KOEITJIES EN KALFIES, DITJIES EN DATJIES ...



**DEBUUT**
Afr. Geen 0/16 T OB
***Teks en regie:*** Marion Holm
***Vervaardiger:*** Absa KKNK
***Met*** Marion Holm en verrassingsgaste

Storievertel kry 'n splinternuwe baadjie met Marion Holm aan die stuur van sake – die koningin van storievertel. Elke vertoning het 'n verrassingsgas of twee en beloof om jou met nuwe oë na stories te laat kyk.

**50 min. ATKV-Karoo Kafee**
**29 Maart 18:00 30 Maart 18:00**
**31 Maart 18:00 1 April 18:00**

## DIE BEITELTJIE

*Aangebied deur RSG*
Die vakmanskap van die dramaturg en die letterkundige, en die gebeitel van die hoorbeeldmaker klink vanjaar weer op in die C.P. Nel-museum. Kom klink 'n glasie en luister na bekroonde hoorbeelde en radiodramas uit die SAUK se klankargief. Skop jou skoene uit, sit agteroor en drink die woorde in van ons letterkundige reuse of verlustig jou in die drama, komedie en tragedie van die radioteater. (Besoek www.absakknk.co.za vir die volledige program).

**Gratis N.A. Smit-kamer in die C.P. Nel-museum**
**Daagliks**

## DIE BURGER PRAAT SAAM



Freek Robinson, bekende televisie-aanbieder en nuusleser, is die gespreksleier van die Absa KKNK 2014 se Die Burger Praat Saam-reeks. Die reeks word vanaf Maandag, 31 Maart, tot Vrydag, 4 April 2014, gratis by die ATKV Karoo Kafee aangebied. Kom luister om 09:00 as Freek openhartig gesels met 'n verskeidenheid meningvormers en kom praat saam oor brandende kwessies soos grondhervorming, die verswakte onderwysstelsel, die ekonomie en hoe Suid-Afrika se toekoms lyk. Hou www.absakknk.co.za dop vir die volledige program.

## SKRYWERS EN BOEKE

Die ATKV-Karoo Kafee is dié bymekaarkomplek waar voorste en geliefde Suid-Afrikaanse skrywers, soos Deon Meyer en Etienne van Heerden, oor hulle nuutste boeke kom gesels. Besoek gerus www.absakknk.co.za. vir die volledige program.

## KUNSKLETS



Kom raak deel van die gesprekke oor die stand van die kunste, wat daagliks gratis by die ATKV-Karoo Kafee aangebied sal word. Hannes van Wyk, *Bravo!*-aanbieder, sal verder met 20 opwindende kunstenaars gesels tydens die verloop van die fees. Besoek www.absakknk.co.za vir die volledige program.

# VISUELE KUNS

## KUNSUITSTALLINGS

Gratis kunsuitstallings is daagliks tussen 09:00 en 17:00 by die Prince Vincent-gebou en Victoria Memorial Hall te sien. Die hooffeeskunstenaars is Gordon Froud, Louis Jansen van Vuuren en Willem Boshoff. Vir meer inligting oor hierdie uitstallings, besoek ons webwerf www.absakknk.co.za.

## A RETROSPECTIVE OF EXHIBITIONS I NEVER HAD - FEESKUNSTE-NAAR: GORDON FROUD



Gordon Froud is al vir die laaste 30 jaar aktief betrokke by die Suid-Afrikaanse en internasionale kunswêreld as kunstenaar, opvoeder, kurator en galery-eienaar. Hy het al uitgestal as deel van honderde solo- en groep-uitstallings in Suid-Afrika en oorsee en het al op verskeie kunskomitees regdeur Suid-Afrika gedien. Sy werk is verteenwoordig in *The Rainbow Nation*-beeldhou-uitstalling in Nederland en hy was die eerste ontvanger van die landskapkuns-residensie in Plettenbergbaai.

## OOGWINK – 'N KUNSTENAARSBLIK: LOUIS JANSEN VAN VUUREN

"Om kuns te maak is vir my ab initio, nie 'n keuse nie, maar eerder 'n kategorie van oor-ewing en belewing, waarmee aspekte van die menslike funksie en ook die verhouding tussen mens en natuur bevraagteken word - 'n visuele tasting na begrip en verteerbaarheid van ervaring. Die skeppingsdaad is die instrument waarmee die ondersoek vir deurlugtigheid geloods word. 'n Proses wat deur verskeie vlakke van persoonlike, sosiale en geestelike verwantskappe beweeg. Die maak van kuns is intiem, en haas onskeibaar, verbind met die leef van my lewe," sê Jansen van Vuuren.



## BIG DRUID IN HIS CUBICLE - FEESKUNSTE-NAAR: WILLEM BOSHOFF

Willem Boshoff, een van Suid-Afrika se vooraanstaande kunstenaars is bekend vir sy konseptuele kunswerke en installasies. Sy leefstyl is soortgelyk aan dié van 'n Druid – spartaans, nadenkend en eerbiedig toegewy aan die studie van die natuur, die kunste en die heelal. Vanjaar bied Boshoff hierdie ervaringe in persoon aan as die *Big Druid*. Hy woon en werk in 'n spesiaal ingerigte ruimte wat sy beddegoed, klere, 'n werksarea met houtwerkstasies en toebehore insluit. 'n Reeks nuwe werke word in hierdie ruimte uitgestal.

Word deel van Willem Boshoff se daaglikse gratis *Druid Walks* wat jou na interessante plekke sal neem en jou met nuwe oë na hierdie plekke sal laat kyk. 31 Maart – 5 April om 09:00. Besprekings moet by die Prince Vincent-gebou gemaak word. Beperkte plek.



## Rubber Ever After
Solo-uitstalling: Hannalie Taute



## Die gras is altyd groener aan die anderkant, maar jy kan nie daarop lê nie
Solo-uitstalling: Hennie Meyer

## Odyssee: Swerftog met Alexis Preller
Groepuitstalling
Kurator: Jaco van Schalkwyk

## Opklim
Solo-uitstalling: Jan du Toit

## Johanna Brandt die Klein Karoo
Solo-uitstalling: Marinda du Toit

## Afrikana / *Afrikanus*
Solo-uitstalling: Roelof Petrus van Wyk

## Tussen twee oewers
Solo-uitstalling: Leon Vermeulen
Kurator: Trent Read




## Mi kondzo ya tinghwazi (in the footsteps of heroes)
Solo-uitstalling: Phillemon Hlungwani
Kurator: Trent Read

## Post-Koloniale Afrika
Absa Korporatief groepuitstalling
Kurator: Dr. Paul Bayliss

## A Struggle Without Documentation is No Struggle
Solo-uitstalling: Dr. Peter Magubane
Kurator: Dr. Paul Bayliss




# Kunskwartier

Volg die indrukwekkende kunsroete wat in die hartjie van die fees aangebied word. Dit is 'n moet vir enige kunsliefhebber met 'n wye reeks visuele kunswerke wat ten toon gestel en te koop aangebied word. Vir meer inligting gaan na www.absakknk.co.za

# RIVIERBUURT



Die Rivierbuurt is vanjaar dié feesterrein vir alle pretsoekers. 'n Rits feestelike areas huisves musiekprogramme, 'n inkopie-paradys, smullekker feeskos, yskoue drink-goed, verskeie wynstalletjies, 'n spesiale kuierplek vir die manne en 'n pretpark vir al die adrenalien *junkies*.

By die kykNET Musiekverhoog is daar bedags kontemporêre en populêre Afrikaanse musiek te hoor wat in almal se smaak sal val. Onder andere vanjaar met: Heinz Winckler, Nicholis Louw, Andriëtte Norman, Wicus van der Merwe, Kevin Leo, Adam Tas, David Fourie en BlackByrd. Saans kom die baie gewilde Top 40-program aan die beurt, met onder andere: Emo Adams, Dr. Victor, Karen Kortjé, Loukmaan Adams en Zoe (Idols). Die dag- en aandprogram is by www.absakknk.co.za beskikbaar.

'n Eerste vir die Rivierbuurt is dat 'n proe-ervaring met onder meer wyn as deel van die pakket aangebied word. Kom proe gerus aan die beste spys en drank uit ons omgewing! Koop 'n bottel of twee van jou gunsteling wyn om saam te neem huis toe. Die wyntent is daagliks tot 19:00 oop. Besoek die Kokkedoor-stoor waar Kokkedoordeelnemers die etes gaan voorberei.

Die Absa Kunsmark bied daagliks vanaf 10:00 tot 19:00 meer as 400 stalletjies met unieke idees, geskenke en aandenkings.

'n Leë maag en 'n droë keel het geen plek in die Rivierbuurt nie. Daar is genoeg eetgoed en drinkgoed – met en sonder skop – vir elke smaak en voorkeur. Kom smul en kuier lekker saam in die koelte terwyl jy die musiek op die kykNET Musiekverhoog geniet. Die musiekverhoog en kosstalletjies is tot laat oop.

Die mansarea op die Oudtshoorn Rolbalklub se parkeerarea, langs die Absa Kunsmark, is splinternuut en feesgangers sal verskillende uitstallings hier kry wat die manne sal interesseer. Natuurlik sal daar ook 'n water-gat vir lafenis wees.

Waar is die Rivierbuurt?
Geleë tussen die De Jager Sportsentrum (Voortrekkerweg) en Kerkstraat. Daar is vier ingange: een agter die De Jager Sport-sentrum vanuit Voortrekkerweg, een aan elke kant van St Johnstraat en een in Kerkstraat.

## Ander verhoë

is die gratis **RSG-verhoog** voor die CP Nel Museum wat weereens uiteenlopende musiekstyle sal aanbied; **The Cavern** in Kerk Straat waar dié wat jonger van gees is, geakkommodeer sal word; en die **Coke-verhoog** waar plaaslike talent uit die Eden distrik die geleentheid sal kry om op te tree. Maak gereed vir 'n luisterfees soos min.

# KLAP! INTERAKTIEWE SESSIES

## AN INTRODUCTION TO THE (DUTCH) MUSIC INDUSTRY




In hierdie sessie word die pad na die musiekbedryf openbaar gemaak deur rym-kletsers Steebastic, Donneth en Liemanatik. Hulle gaan studente/leerlinge toelaat om deel te word van hulle musiek en die stories agter die liedjies. Nie net word studente/leerders uit persoonlike ervaring geleer hoe om ingeligte besluite oor hul toekomstige musiek-loopbane te maak nie, maar ontvang selfs 'n paar persoonlike wenke oor hoe om suksesvolle liedjies, rympies en gedigte te skryf.

**Taal: Engels**
**Datum: 5 April 2014**
**Tyd: 09:00 – 10:00**
**Tydsduur: 60 min.**

## ROUGE REVUE



Die Rouge Revue bied aan 'n professionele, outentieke burleske ervaring waar Lady Magnolia studente/leerders tou wys maak. In hierdie interaktiewe sessie wys sy die basiese beginsels van burleske met baie giggel en melodrama. Hierdie werkswinkel moedig studente/leerders wat belangstel in dans en drama aan om deel te neem en bevorder 'n positiewe selfbeeld. Vere-boas en handskoene word voorsien.

Sien Lady Magnolia in **The Rouge Revue – Ticke my Fancy** by die fees.

**Taal: Engels**
**Datum: 4 April 2014**
**Tyd: 09:00**
**Tydsduur: 60 min.**

## DIE OBJEK EN SY LEWE



Objekte kan gebruik word om 'n storie te vertel. Poppeteater is soms bekleiner as net vir kinders. Kom op 'n reis van speel en ontdek hoe objekte aan die lewe gebring kan word om 'n gehoor te bekoor, net soos 'n ervare akteur. Tegnieke van Handspring Puppet Company word bemeester.

Nieke Lombard is n dubbel Kanna en Vryfees wenner vir **'Elnora & Nirvana'**. Sien Nieke in **Siembaba** en **Wentel** by die fees.

**Taal: Afrikaans en Engels**
**Datum: 1 April 2014**
**Tyd: 09:00**
**Tydsduur: 180 min.**

## FRESHLY-ZOID




Wil jy in die vermaaklikheidsbedryf werk? Karen Zoid & Zolani Mahola (hoofsanger: Freshlyground) bied 'n inspirerende sessie aan vir kuns, drama en musiekstudente/leerders. Hierdie twee suksesvolle kunste-naars deel hul kennis en gee advies. Hulle het albei drama studeer en is twee van Suid-Afrika se mees invloedryke en herken-bare sangers.

Sien Karen en Zolani in **Akoestiese Klanke: Karen en Zolani** by die fees.

**Taal: Afrikaans en Engels**
**Datum: 3 April 2014**
**Tyd: 9:00**
**Tydsduur: 60 min.**

## GYS GEE KLAS



In hierdie interaktiewe sessie word die fokus geplaas op die student/leerder se verhouding met sy eie kreatiwiteit. Deur middel van 'n reeks improvisasie-oefeninge, help Gys die student/leerder om verskillende karakters te ondersoek en om die liggaam te verbind aan emosies. Die studente/leerder sal uitgedaag word om op sy/haar voete te dink, braaf te wees en met verkillende scenario's vorendag te kom.

Hierdie sessie is pret en leer jou hoe om verskillende stories en karakters te skep.

Gys de Villiers is 'n verhoog- en televisie akteur, skrywer en regisseur. Sien hom in **Braai** en **Wit Manne se Wapens** by die fees.

**Taal: Afrikaans en Engels**
**Datum: 03 April 2014**
**Tyd: 09:00**
**Tydsduur: 120 min**

## OBJEKTE EN SKADUWEES



Dryfsand Produksies bied aan: Naomi van Niekerk en Arnaud van Vliet. Hulle werk sedert 2012 saam en maak multi-media teater en installasiekuns. Sand-animasie, skadu-teater, objekte en klank is die elemente waarmee hulle werk. Wat is die plek van 'die objek' op die verhoog? En kan teater bestaan sonder akteurs? In hierdie interaktiewe sessie gaan studente/leerders hulle eie skeppings maak met koerantpapier en speel met alledaagse objekte en die verborge potensiaal van die lewelose objek te ontdek.

Sien Arnaud en Naomi in **Kontinuum** by die fees.

**Taal: Afrikaans en Engels**
**Datum: 31 Maart 2014**
**Tyd: 11:30**
**Tydsduur: 60 min**

## THE TRUTH AND FICTION EXPERIENCE



Hoe betroubaar is jou eie ervarings en manier van dink? Kom ontdek 'n vars blik op 'n persoonlike storie en leer hoe om te werk met bestaande materiaal sodat dit 'n verrassende wending aanneem. 'n Oefening wat handel oor die absurditeit van ons daaglikse lewens. Tom Struyf en Eve Hopkins, geborg deur die Nederlandse Ambassade, ondersoek maniere om 'n eenvoudige persoonlike ervaring in 'n aantreklike, boeiende verhaal op die verhoog te omskep.

**Let wel: Vir** hierdie interaktiewe sessie moet die produksie **The Tatiana Aarons Experience**, wat nie tel as een van die twee produksies beskikbaar in die klap! pakket nie, bygewoon word. Die interaktiewe sessie gee aan studente/leerders die geleentheid om 'n persoonlike, indrukwekkende storie, ondervinding of bekoring te ondersoek.

Vertoning van **The Tatiana Aarons Experience** vind plaas **1 April om 19:00 by die Suid-Kaap Kollegesaal.**

**The Tatiana Aarans Experince** handel oor 'n ontmoeting, 'n gesprek, 'n soektog en 'n uiteindelike terugkeer na waar alles begin het. Dis 'n reisverslag gegrond op (on)ware feite. Die stuk word by die Teaterfees 2011 in Vlaandere uit 250 stukke gekies vir Circuit X, 'n projek wat belowende jong dramaturge aanmoedig.

**Taal: Engels**
**Datum: 2 April 2014**
**Tyd: 9:00**
**Tydsduur: 120 min**

# ANDER INLIGTING

## Handelsmerkverkope

Kyk uit vir ons eie handelsmerkstalletjies in Baron van Reede- en St Johnstraat. Neem 'n stukkie Absa KKNK huis toe.

## Bevryding van Baron van Reede

Baron van Reedestraat is die plek om hierdie jaar te wees. Dis 'n gespreksbeurs waar die wisselkoers vriendskap is met die langste, beste interessantste kunste-basaar ooit. Doen dit, nét by die Absa KKNK.

## Absa KKNK Bravo!-bal

'n Swierige verebal word in samewerking met kykNET en BRAVO op die vooraand van die 20ste Absa KKNK op Vrydag 28 Maart 2014 aangebied. Die opbrengs word aan die Teater-bystandfonds geskenk. Kaartjies beloop R7500 per tafel (8 gaste) en sluit 'n swierige driegang maaltyd, betowerende vermaak en kuiertyd met bekende kunstenaars in. Vir meer inligting besoek www.absakknk.co.za of kontak gerus vir Deirdre Bisschoff by 044 203 8600 of dbisschoff@kunsonbeperk.org.za

## Finale Kleedrepitisies

In die gees van die Groot 20-vieringe, kan jy die finale kleedrepitisie van ons debuutproduksies vir halfprys kom kyk. Hierdie is die eerste vertoning vir die akteurs van die splinternuwe produksie voor 'n gehoor. Wees daarom 'n genadige feesproefkonyn! Al die produksies wat hiervoor in aanmerking kom, word met 'n * gemerk.

Hierdie program is onderhewig aan veranderings. Hou die webblad van die Absa KKNK dop vir enige veranderings www.absakknk.co.za.

## Kontak ons:

Absa KKNK, Derde vloer,
Seppie Greeff Gebou,
Voortrekkerweg 76, Oudtshoorn
Tel: 044 203 8600
Faks: 044 272 7773
E-pos: info@kknk.co.za
Web: www.absakknk.co.za

ABSA KKNK 20
KLEIN KAROO NASIONALE KUNSTEFEES